

TRANSPORTAKTE

Nr T 56751/2008

ten gunste van

Martin Oosthuizen Trust

van

Die Restant van Gedeelte 9 (gedeelte van Gedeelte 7)
(Omruil) van die plaas Rooipad Nr 15



Chris Fick
& Genote

PROKUREURS

AKTEBESORGERS

NOTARISSE

EIENDOMSKONSULTANTE

4de Vloer Waalburg-Gebou Waalstraat 28 Kaapstad 8001 Suid-Afrika
Posbus 4917 Kaapstad 8000 • Docex 223 Kaapstad • Akteskantoorbus 236
Tel. +27 21 424 3937 • Faks +27 21 424 8064 • Sel 082 491 0032 • e-pos: chris@chrisfick.co.za

CHRIS FICK & GENOTE
236
M12830/CF/RM

Opgestel deur my,

Aktebesorger
FICK C L N

FEE
R. 400,00

T 056751/09

TRANSPORTAKTE

Hiermee word bekend gemaak dat

MARTHINUS CHRISTOFFEL GOETZER

Aktebesorger, voor my, Registrateur van Aktes, Kaapstad, verskyn het, behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag geteken te **Kakamas** op **17 Januarie 2008** en aan hom verleen deur

R K Costhuizen en Seuns (Eiendoms) Beperk
Nr 1995/008187/07

En die komparant het verklaar dat

DATA / VERIFY
DATA / CAPTURE
28 AUG 2008
NCAPAL

die genoemde prinsipaal op **1 September 2007** waarlik en wettig verkoop het en dat hy, die genoemde komparant, in sy voornoemde hoedanigheid hiermee sedeer en transporteer aan en ten gunste van

**Die Trustees indertyd van
Martin Oosthuizen Trust
Nr IT 111/1995**

hul opvolgers in titel of regverkrygendes,
in volkome en vrye eiendom

**Die Restant van Gedeelte 9 (gedeelte van Gedeelte 7)
(Omruil) van die plaas Rooipad Nr 15,
geleë in die Munisipaliteit Kai !Garib,
Afdeling Kenhardt, Provinsie Noord-Kaap;**

Groot: 1860,2125 (Een Duisend Ag Honderd en Sestig komma Twee Een Twee Vyf) Hektaar;

Aanvanklik oorgedra kragtens Transportakte Nr T 399/1980 met Kaart Nr 6186/1979 wat daarop betrekking het en gehou kragtens Transportakte Nr T 6944/1983.

I. Wat betref die restant van die figuur A B t F op Kaart Nr 6186/1979:

- A. Onderhewig aan die voorwaardes waarna verwys word in Grondbrief Nr 133/1964 geregistreer op 11 September 1964.
- B. Nie geregtig nie op enige waterregte omskryf in Voorwaarde (a) van Transportakte Nr T 2135/1912, aangesien sulke waterregte in Grondbrief Nr 133/1964 voorbehou word vir die gebruik van die restant.



- C. Onderhewig verder aan daardie gedeelte van Voorwaarde (c) in Transportakte Nr T 2135/1912 wat betrekking het tot omheining en wat soos volg lees:

"The said Transferee and their successors in title shall on or before the 7th February, 1913 enclose the above piece of land with a fence made of five wires and shall place proper gates on all public roads, and shall keep the said fence always in good order and repair."

- D. Onderhewig verder aan die volgende voorwaardes vervat in Grondbrief Nr 133/1964, naamlik:

"(a) Behoudens die regte van die Staatspresident soos in artikels 48 en 52 van die Nedersettingswet 1956 (Nr 21 van 1956) bepaal, watter artikels in Skedule A tot gesegde grondbrief volledig opgeneem is.
('n afskrif van watter Skedule A hieraangeheg is gemerk A).

(b) Die voorwaarde dat alle paaie en deurgange wat alreeds op die grond bestaan, vry en onbelemmer moet bly tensy dit op bevoegde gesag opgehef, gesluit of verander word."

Skedule A waarna hierbo verwys word, lees soos volg:

SKEDULE A

Artikels 48 en 52 van die Nedersettingswet, 1956, lui as volg:

"48. (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (4), word alle regte op minerale op of onder 'n hoewe hierby vir die Staat voorbehou, en die Staatspresident kan, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet, in verband met sodanige minerale ooreenkomstig die wetsbepalings op prospektering vir en ontginning van minerale handel op dieselfde wyse as in die geval van minerale op of onder ander grond: Met dien verstande dat



die huurder van 'n hoewe geregtig is om op daardie hoewe kalk- en bouklippe uit te grawe en te neem, klei uit te grawe, kalk te brand en stene te maak uitsluitlik vir gebruik vir bou- of ander doeleindes op daardie hoewe, en om soveel steenkool te neem as wat hy nodig mag hê vir sy huishoudelike gebruik en vir enige toestel of masjinerie wat by die bewerking van daardie hoewe gebruik word.

- (2) (a) Die Staatspresident kan 'n hoewe of deel van 'n hoewe vir myndoelindes of vir die doeleindes verbode aan mynbou terugneem en in verband daarmee ooreenkomstig die wetsbepalings op prospektering vir en ontginning van minerale handel.
- (b) Wanneer 'n hoewe aldus teruggeneem word, moet die Minister aan die huurder vergoeding betaal, en waar 'n deel van 'n hoewe aldus teruggeneem word, moet die huurgeld of paaiemente van die koopprys wat deur die huurder ten opsigte van die hoewe betaalbaar is, na verhouding van die oppervlakte aldus teruggeneem, verminder word: Met dien verstande dat waar 'n deel van 'n hoewe teruggeneem word, die betrokke huurder geregtig is om sonder afbreuk van sy reg op vergoeding ten opsigte van die terugneming, van sy huurkontrak afstand te doen.
- (3) Ondanks andersluidende bepalinge van artikel tien van die "Natal Mines Act, 1899" (Wet No. 43 van 1899), van Natal, is Staatsgrond wat vir nedersettingsdoelindes ingevolge hierdie Wet toegeken of uitgehou is, terwyl dit aldus toegeken of uitgehou is, nie onderhewig aan 'n reg van die publiek om soos in daardie artikel bepaal vir minerale te prospekteer of dit te soek nie.
- (4) (a) Alle regte op minerale by die verkryging van grond kragtens sub-artikel (1) van artikel agtien deur die Regering verkry, moet,



behoudens die bepalings van sub-artikel (2) van artikel sewe-en-sestig, en indien die grond ingevolge hierdie Wet voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Nedersettings, 1959, toegeken is, in enige grondbrief of transportakte ten opsigte van daardie grond aan 'n huurder uitgereik, aan die regsverkrygende of transportnemer oorgemaak word maar totdat 'n grondbrief of transportakte aldus uitgereik is, is bedoelde regte vir die Staat voorbehou.

- (b) Die bepalings van paragraaf (a) is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n hoewe wat ingevolge 'n huurkontrak toegeken word nadat 'n vorige huurkontrak ten opsigte van daardie hoewe gekanselleer, afgestaan of beëidig is."

N.B. Die regte van die Staatspresident, kragtens bostaande artikel is onderworpe aan die bepalings van "de Wet op de Ontginning van Voorbehouden Mineralen, 1926", en die Wet op Edelgesteentes, 1927, soos van tyd tot tyd gewysig.

- "52. (1) Die Staatspresident kan te eniger tyd op die wyse en onder die voorwaardes wat hy goedvind –
- (a) damme of reservoirs op 'n hoewe aanlê of die aanleg daarvan magtig;
- (b) watervore, pyplyne, kanale en afvoerslote op, deur of onder 'n hoewe aanlê of die aanleg daarvan magtig en water van of oor 'n hoewe ten voordele van die publiek of 'n eienaar of okkupeerder van naburige grond lei of toelaat dat dit gelei word;
- (c) met inagneming van enige toepaslike wetsbepalings, spoorlyne, paaie en telefgraaf- en telefoonlyne op of oor 'n hoewe aanlê en eksploteer, of die aanleg en eksploteering daarvan magtig.

- (2) Enige materiaal wat vir die doeleindes van in sub-artikel (1) bedoelde werke nodig is, kan van die betrokke hoewe geneem word, en vergoeding is aan die betrokke huurder betaalbaar vir enige verlies deur hom gelyk as gevolg van die uitoefening van 'n deur daardie sub-artikel verleende bevoegdheid."

N.B. Die woord "huurder" beteken iemand aan wie kragtens hierdie Wet, 1956, 'n hoewe toegeken, verhuur, verkoop of uitgegee is, en behoudens die bepalings van hierdie Wet, ook die Kurator by insolvensie van so iemand of regsvertegenwoordiger van so iemand wat oorlede is of kranksinnig geword het, of 'n wettige regsverkrygende of onderverhuurder van so iemand; "hoeve" beteken enige grond wat ingevolge hierdie Wet toegeken of verhuur is, en ook sodanige grond ten opsigte waarvan kragtens hierdie Wet die opsie om te koop uitgeoefen is of 'n grondbrief of transportakte uitgereik is; "minerale" sluit in mineraalprodukte, mineraalolies, metale en edelgesteentes. (Sien artikel 1 van die Nedersettingswet, 1956).

E. Onderhewig verder aan die serwituut van 'n reg van weg waarna verwys word in die endossement gedateer 30 Desember 1966 op Transportakte Nr T 18563/1964, welke endossement soos volg lees:

"Kragtens Not. Akte Nr 868/66 ged. 26-5-1965 is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n reg van weg 6,30 meter wyd ten gunste van ged. 17 van die plaas Blouputs groot 36,7068 hektaar gehou onder T16375/63 en ged. 16 van die plaas Blouputs groot 49,2347 hektaar gehou onder T16374/63. Onderhewig aan voorwaardes soos meer ten volle sal blyk uit gemelde Not. Akte."

(Die westelike grens van gemelde reg van weg word aangedui op Kaart Nr 6186/1979 deur die stippellyn x.y.)



II. Wat betref die restant van die figuur B C D E t op Kaart 6186/1979:

A. Onderhewig aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte Nr T 2135/1912.

B. Die plaas Rooipad Nr 15 waarvan die eiendom hierby getranspoteer 'n deel uitmaak, is onderworpe aan die volgende voorwaardes vervat in Transportakte Nr T 2135/1912, naamlik:

"(a) That the above piece of land is transferred together with all the waterrights appertaining to the remaining extent of the said farm Orange Fall and Noudonzees and of the said farm Witklip, from the Orange River.

(b) The Appearer's Constituent retains the right to water his animals in the Spruit marked on diagram no 433/1912 attached to Deed of Transfer No 2135/1912 as far as he can reach it from the remainder of the land retained by him.

(c) In case the said transferee and their successors in title construct a watercourse over the above piece of land the Appearer's Constituent and his successors in title shall have the right to take water out of such water course free of any costs for the purpose of irrigation on the remaining irrigable river ground adjoining the Spruit shown on the above diagram.

(d) The said Transferees and their Successors in title shall on or before the 7th February 1913 enclose the above piece of land with a fence made of five wires and shall place proper gates on all public roads, and shall keep the said fence always in good order and repair."

C. Onderhewig verder aan die volgende voorwaarde vervat in Grondbrief Nr 46/1973 geregistreer op 20 Maart 1973, naamlik:



"Die voorbeoud van alle regte op edelgesteentes, edele en onedele metale, minerale en aardolie, op die grond soos in die mineraalwette omskryf, ten gunste van die Staat."

III. Wat betref die geheel van die eiendom hierdeur getranspoteer:

- A. Geregig op die serwituut pad waarna verwys word in die volgende endossement gedateer 20 Maart 1973 op Sertifikaat van Verenigde Titel Nr T 7207/1973, naamlik:

"Restant

Kragtens Transportakte Nr 7208/1973 hede geregistreer is:

die Restant van Gedeelte 7 (Omruil) van die plaas Rooipad Nr 15;

Groot: (as sulks) 3968,7347 ha. hierkragtens besit;

geregig op 'n ewigdurende serwituutpad 9,45 meter wyd soos aangedui deur die figuur X linkerwal van spruit e F G g h op Kaart 9839/69 daaraangeheg oor

Gedeelte 8, groot 32,2030 ha, daardeur oorgedra.

Soos meer breedvoerig sal blyk uit gemelde transportakte.

- B. Kragtens Notariële Akte van Serwituut van Pypleiding Nr K 507/1995S gedateer 28 Oktober 1994, is die binnegemelde eiendom geregig op 'n serwtiut van pypleiding, 3 meter wyd, oor Gedeelte 8 ('n gedeelte van Gedeelte 7) van die plaas Rooipad Nr 15, Afdeling Kenhardt, groot 32,2030 hektaar, gehou kragtens Transportakte Nr T 7208/1973, met bykomede regte. Soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte.

C. Kragtens Notariële Akte van Serwituut van Pypeleiding Nr K 508/1995S gedateer 28 Oktober 1994, is die binnegemelde eiendom geregig op 'n serwtiut van pypeleiding, 3 meter wyd, oor

(a) Die Restant van Gedeelte 7 (Omruil) van die plaas Rooipad Nr 15, Afdeling Kenhardt, groot 342,6204 hektaar, gehou kragtens Transportakte Nr T 400/1980, en

(b) Gedeelte 17 (gedeelte van Gedeelte 7) van die plaas Rooipad Nr 15, Afdeling Kenhardt, groot 199,9978 hektaar, gehou kragtens Transportakte Nr T 58965/1990,

met bykomede regte. Soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte.

D. Kragtens Notariële Akte van Sessie van Vruggebruik Nr K ~~959~~108 onderhewig aan 'n vruggebruik ten gunste van **Rudolph Kretzen Oosthuizen, Identiteitsnommer 261202 5019 08 4, Getroud buite gemeenskap van goed.**



Weshalwe die komparant afstand doen van al die regte en aanspraak wat die genoemde

Transportgewer Maatskappy

voorheen op die eiendom gehad het, en gevolglik ook erken dat die genoemde

Transportgewer Maatskappy

geheel en al van die besit daarvan onthef is en nie meer daarop geregtig is nie, en dat kragtens hierdie akte die genoemde

Transportnemer Trust

hul opvolgers in titel of regverkrygendes, tans daarop geregtig is, en voortaan daarop geregtig sal wees ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat, en ten slotte verklaar dat die koopprys ten bedrae van **R930 100,00 (Nege Honderd en Dertig Duisend Een Honderd Rand)** ten volle betaal of verseker is.

Ten bewyse waarvan ek, die genoemde Registrateur van Aktes, saam met die Komparant, q.q., hierdie akte onderteken en met die ampseël bekragtig het.

Aldus gedoen en geteken in die kantoor van die Registrateur van Aktes, te Kaapstad, Provinsie van die Kaap die Goeie Hoop, op 26 Augustus 2008.

q.q.

In my teenwoordigheid,


Registrateur van Aktes

